Vrydag **29 November**

**Skrifgedeelte: Handelinge 15:1-21 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Handelinge 15:10-11**

**Christus vergader vir hom ’n kerk deurdat die Heilige Gees harte besny**

Nadat die kerk onder leiding van die Heilige Gees kragdadig onder die heidennasies gegroei het, ontstaan daar in die gemeente in Antiogië spanning wat breekpunt bereik oor iets wat met ’n mes gedoen word – die besnydenis. ’n Vergadering word in Jerusalem belê om die saak uit te klaar.

Tydens die vergadering wys Petrus daarop dat gelowiges onder die heidennasies nie die juk van die besnydenis opgelê moes word nie, want selfs hulle as Jode kon nie die juk wat die letterlike besnydenis hulle oplê, dra nie. Uiterlike toewyding deur besnydenis beteken niks as dit nie deur innerlike toewyding bevestig word nie. Hiervan getuig die Ou Testament by herhaling: besny julle harte (Deut. 30:6 – AFR33/53), en: verwyder die onbesnedenheid van julle harte (Jer. 4:4 – AFR33/53).

Wie kon hulleself waarlik volkome innerlik aan die Here toewy en so die juk dra? Niemand kan nie. Nie Jood of heiden nie. Juis daarom dat Jesus moes kom om ons sondeskuld af te sny. Daarvoor het sy bloed in die plek van die besnydenis gevloei, en is fisiese besnydenis nie meer nodig nie. Jou doop is nou die teken dat jy deur sy bloed skoongewas is en aan Hom (en dus ook sy kerk) behoort.

MAAR TOG, jy wat sy verlossingswerk aangryp en jou bekeer, en jy wat streef om in toewyding aan Hom te leef, kan dit alleen doen omdat die Heilige Gees in jou werk. Hierdie geloof en ywer is in Ou-Testamentiese taal die teken dat die Heilige Gees jou hart besny, en deel van sy volk gemaak het. Ter selfondersoek: Leef jy soos iemand wie se hart deur die Heilige Gees besny is?

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*